Preek 26 April 2020.

---

**Groete en Verwelkoming**

**Gemeente en vriende, Ons gaan deur ‘n moeilike fase in die lewe. Daar heers ‘n groot onsekerheid in ons binneste en dit maak ons bekommerd. Sommiges van ons kry werklik swaar en dit voel dat die wêreld teen ons druk en dat ons geen vooruitsig het nie. Daarom is die doel van vanoggend se diens om HOOP en BEMOEDIGING te saai in julle lewens.**

**Ek begin dit sommer doen deur ‘n eenvoudige kort storie.**

’n Skooljuffrou het aan haar klassie gestremde kinders ’n taak gegee vir die volgende dag. Elkeen moes ’n item saambring wat “lewe” simboliseer… Die volgende dag kry elkeen toe ’n geleentheid om sy of haar voorbeeld van lewe te verduidelik.

**‘n dogtertjie** het by die skool aangekom met ’n pragtige blom wat sy uit haar Ma se tuin gepluk het- “blomme is lewe juffrou!”- roep sy uit.

**Een van die seuntjies** op sy beurt verduidelik (met ’n foto) hoedat sy dragtige worshondjie binnekort 3 klein hondjies in die lewe gaan bring. Die worshondjie se magie is groot geswel van die klein hondjies wat amper daar is. Die hondjies is vir hom ‘n voorbeeld van lewe.

Toe almal klaar hulle voorbeelde genoem het merk juffrou op dat Jannie nog niks gesê het nie en roep sy hom vorentoe.

**Jannie** stap skaam skaam vorentoe en toe hy voor kom haal hy uit sy sak ‘n vuurhoutjie boksie. Versigtig wil die juffrou by hom weet hoe die vuurhoutjies dan lewe kan beteken… Jannie skuif die boksie oop dat almal kan sien dis leeg, daar is nie eers een vuurhoutjie in nie. Ewe selfversekerd verduidelik hy: Die vuurhoutjie boksie is leeg juffrou, en so was die graf van Jesus leeg. En daarom beteken dit lewe vir ons!

Met die storie in gedagte, kom ons raak vir ‘n oomblik stil voor die Here.

**Votum en Seën**

Gemeente die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

Ons gaan vir ‘n oomblik stil word voor die Here en luister na ‘n liedjie van Retief Burger – As ek voor U voete val.

**Oomblik van stilte**

**Lied – As ek stil word**

**Kom ons lees nou saam uit die Woord van die Here.**

Skriflesing: Efesiërs 3: 14-21 – Liefde wat ons verstand te bowe gaan

| | |
|---|---|
| 14 | Daarom kniel ek in gebed voor die Vader |
| 15 | aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het. |
| 16 | Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, |
| 17 | dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. |
| 18 | Mag julle in staat wees om saam met, al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. |
| 19 | Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God. |
| 20 | Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, |
| 21 | aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen. |

U wonder seker waarom het ek die kort storie vertel aan die begin. Elke kind was veronderstel om iets saam te bring wat lewe simboliseer. Die een bring ‘n blommetjie die een ‘n foto van hondjie en een bring ‘n vuurhoutjieboksie wat leeg is.

Ek wil graag fokus op die leë boksie, waar die kind geantwoord het het dat Jesus se graf leeg is en ons nou deur die opoffering van Jesus kan lewe. Deur Sy liefde is ons vrygemaak.

Gemeente van ons Here Jesus, die teksvers van onsprediking is vanoggend uit ons gelese gedeelte, verse 18 en 19:

**“Mag julle in staat wees om saam met, al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan …”**

Gemeente, weet ons regtig hoe lief die Here Jesus ons het.

Besef julle dat die liefde van God, soos dit inJesus Christus se lewe na vore kom en geopenbaar word, nie werklik in mensewoorde beskryf kan word nie.

**Eintlik sou dit my preek vanoggend baie makliker gemaak het as ek bloot kon sê dat, omdat ons nie werklik begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek nie, ons dit net in stilte moet aanvaar.**

Ongelukkig is dit nou nie so eenvoudig nie. Daar is geen manier hoe jy aan iemand anders Jesus se opofferende liefde kan beskryf nie … jou woordeskat skiet net eenvoudig te kort.

Tog, al kan ’n mens dit nie in woorde beskryf nie, kan jy dit wel begryp… en daarvoor het jy beslis nie woorde nodig nie.

Wat bedoel ek daarmee? As jy aan Jesus se liefde dink, moet dit jou – híér binne – so laat warm word dat dit jou terselfdertyd hoendervleis gee. Ek is seker dat die meeste van julle tog al so ’n ervaring gehad het:

Dieselfde moet gebeur as jy aan die liefde van God, soos Hy dit in Jesus openbaar het.

Gemeente, kom ons kyk of ek vir julle daardie warm-koue gevoel kan gee. Stel julleself die volgende toneel voor -dit speel af tydens die oorlog tussen Viëtnam en Amerika, so klompie jare gelede: die meeste van ons het tog al hierdie soort van flieks gesien waar die Amerikaners in die bosoorlog teen die Viëtnamese baklei, en gewoonlik ook wen.

Die Amerikaners het, in'n poging om die Viëtnamese se moraal te breek, 'n kleindorpie met bomme bestook. Feitlik al die inwoners van die dorpie is dood, behalwe vir 'n boetie en sussie.

Die sussie het niksoorgekom nie, behalwe vir 'n paar skrape en kneusplekke, maar haar boetie was bewusteloos en het aan veelvuldige brandwonde en beserings gely, omdat hy bo op sy sussie gaan lê het en haar met sy lewe beskerm het.

Toe die Amerikaanse soldate later deur die dorpie beweeg, het hulle op die twee kinders afgekom. Beide van hulle is toe met 'n helikopter na een van die veldhospitale geneem.

In die hospitaal het die dokters agtergekom dat die seuntjie aan 'n seldsame bloedgroep behoort, een wat nie in daardie veldhospitaal beskikbaar was nie … al hoop was sy sussie. Gelukkig het hulle bloedgroep ooreengestem.

Deur middel van een van die verpleegsusters, wat so paar woorde Viëtnamees magtig was, het sy vir die dogtertjie getolk. Sy het vir die dogtertjie probeer verduidelik dat hulle 'n dringende bloedoortapping op haar boetie moet doen.

Wat sou gebeur,is dat sy sommer direk aan haar boetie gekoppel sou word, terwyl hulle aan hom opereer. Volgens die dokters, wat later hierdie verhaal oorvertel het, het sy vir 'n paar oomblikke gehuiwer en toe grootoog ingestem.

Terwyl haar bloed deur die verbindingsbuis na haar boetie oorgeloop het, het sy saggies begin huil en uiteindelik flou geword … moontlik van te veel spanning.

Mettertyd het ’n dokter, wat Viëtnamees vlot kon praat, daar opgedaag en die operasie waargeneem. Die operasie was geslaag, en beide die kinders is na ’n saal geneem om daar aan te sterk.

Later het die Viëtnamese dogtertjie bygekom en verbaas haar oë gevryf, so asof sy nie kon verstaan waar sy was nie.

Die dokter het met haar begin praat, en stuk-vir-stuk hierdie verhaal vertel oor wat gebeur het en dat sy en haar boetie okay is, wat enersyds ’n mens warm maak, en jou andersyds tog ook hoendervleis gee uit: die prosedure wat die verpleegster verduidelik het, is deur die dogtertjie verkeerd verstaan.

Deur nie vlot Viëtnamees te kon oraat nie het hierdie sussie het gedink dat hulle haar gaan doodmaak, sodat haar boetie haar bloed kon kry om te oorleef. Die wonderlike is: sy was bereid om dit te doen, net sodat haar boetie kon leef!

Inderdaad ’n buitengewone verhaal … sommigemense mag sê dat dit, tipies Amerikaans, ’n oordrewe verhaal is. Ander weer mag sê dat dit sommer snert is, of uit die duimgesuig.

Ongeag of dit nou waar was of nie, dit bly steeds ’n buitengewone verhaal … dit bly steeds ’n buitengewone optrede van die dogtertjie.

Dit laat ’n mens skoon warm kry as jy besef hoe lief sy vir haar boetie moes gewees het … en tog, dit laat jou ook hoendervleis kry oor die werklikheid van waartoe daardie dogtertjie,s oos sy uit daardie verpleegster se verduideliking verstaan het, bereid was om te gaan.

Geliefdes van ons Here Jesus, hierdie “hoendervleis”- gevoel kan ’n mens slegs op een van twee manierebeleef:

- **jy moet óf die gebeure self gesien en ervaar het, en elke keer as jy daaraan terugdink, dan kry jy weer van vooraf hoendervleis,**
- **óf, as dit aan jou vertel word, moet die uitsonderlike aard daarvan jou só aanspreek, dat jy nie anders kan as om hoendervleis te kry.**

En omdat ons nie self teenwoordig was by Jesus se kruisiging om te kan sien en beleef hoe lief Hy ons werklik het nie, moet ons daarvan vertel word. Dit moet egter ook só vertel word, dat dit jou sal laat voel jy het dit self beleef … selfgesien het.

Hoe leer die Bybel ons van hierdie opofferende liefde van Jesus? Wel, Paulus bid vir die gemeente in Efese en dan sê hy vir die gemeente: “Mag julle Sy (God) liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan.

Om egter die liefde van Christus te ken, moet ’n mens eers begryp wat beteken Jesus se liefde alles:

- hoe wyd is dit …
- hoe ver is dit …
- hoe hoog is dit…
- en hoe diep is dit.

Eers as ’n mens dít begryp, dan verstaan jy waarom Paulus sê dat dit ons verstand te bowe gaan.

Ons moet besef dat die liefde van Jesus nie op die intellektuelevlak lê nie, maar op ‘n vlak van ervaring.

Liefde is nie maar net iets ván die Here nie, met ander woorde, een of ander goeie kwaliteit of eienskap nie. Nee, in sy wese ís God liefde.

**In 1 Joh 4:8: “Wie nie liefhet nie,het geen kennis van God nie, want God is liefde”**

Net so word die verhouding tussen die Vader en die Seun ook gekenmerk deur liefde

**In Joh 3:35: “Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee”,**

**en Kol 1:13 “Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet”.**

God se liefde kom daarin tot openbaring dat Hy sy Seun na die wêreld toe gestuur het om namens ons te sterf.

**1 Joh 4:9: "Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: Sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê".**

Ons verlossing van die ewige dood is dus 'n demonstrasie van God se liefde … dit is liefde in aksie, sodat ons saam met Paulus kan bely: "… en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.

Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur Sy lewe vir my af te lê".

Anders as in die verhaal van die Viëtnamese dogtertjie, wat die verpleegster verkeerd verstaan het, en nie regtig hoef te gesterf het om haar boetie te red nie, het Jesus baie goed en duidelik sy opdrag verstaan:

**Hy móés in ons plek aan die kruis kom sterf … ja, Jesus moes sy kosbare lewe kom opoffer vir ons nuttelose en ondankbare lewens!**

Waarom Hy bereid was om op só 'n manier sy liefde te bewys, dit kan ons nie verstaan nie, selfs nie eers al probeer ons in eenvoudigetaal sê dat Hy dit gedoen het omdat Hy ons liefhet nie!

Want hoe kan ons, met ons beperkte verstandelike begrip, so 'n liefde begryp? Die **LIEFDE** wat ons ken, is selfsugtig, afgunstig, onwelvoeglik, en soek net ons eie belange.

Die manier hoe ons liefde uitleef, kan nie eers in dieselfde asem as Jesus se liefde genoem word nie … snaaks, dit kan nie eers vergelyk word met daardie Viëtnamese dogtertjie s'n nie. Dit, wat ons liefde noem, is niks anders as 'n teken van ons eie onvermoë om werklik te begryp hoe lief Jesus ons het nie.

As ons werklik sy liefde geken het, sou ons dit uitgeleef het … ja, sou ons bereid gewees het om bloed te sweet vir 'n medegelowige … selfs bereid gewees het om vir 'n medegelowige te sterf, as dit van jou gevra sou moes word.

**Dít is ware liefde, sê Jesus: "Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê" en dan gaan Jesus selfs verder en sê iets nog meer skokkend: "… want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit behou.**

Hoe ons dus daagliks lewe, is 'n sigbare teken van ons begrip, al dan nie, oor wat dit beteken as ons sê dat Jesus ons liefhet.

Dit sal ook wys of ons werklik begryp hoe ver en wyd,hoe hoog en diep die liefde van Christus strek. Die feit dat die Here ons werklik liefhet, is nie maar net 'n wonderlike en mooiverhaaltjie om oor te vertel, soos dié een van die Viëtnamese boetie en sussie nie.

Nee, dit is die wesenskenmerk van ons geloof… dit is die "hart" van ons geloofslewe — daarsonder kan ons nie leef nie.

Die mens se hele lewe en wese was besoedel en vertroebel met boosheid en sonde … dit het ons stadig maar seker doodgemaak. Om die beeld van die sussie en boetie te gebruik: ons het as' t ware 'n bloedoortapping nodig gehad om weer te kan leef… en Jesus was bereid om nie net 'n bietjie van sy eie bloed tegee nie, maar alles … sy hele lewe.

Hoekom? Sodat ek en julle, nie net nóú kan lewe nie, maar ook vir ewig. Dit is waarom Paulus dan op die ou end ook sê dat God by magte is om baie meer te doen as wat ons ooit kan bid of dink (v 20). En dit laat 'n mens stom van woorde as jy besef dat dit is omdat Hy lief is vir jou.

God se liefde het nie 'n reserwe nie Geen woorde is nodig waar 'n mens liefde beleef. nie… nee, net 'n warm gevoel van dankbaarheid.

Daarom weet ons dat al gaan deur die donkertye in die soos vandag ons nie bang hoef te wees nie, want die Here is reeds daar. Hy het ons so lief dat Hy elke dag deur die moeilike met ons sal wees. Gemeente hou moed en vind julle rus en vrede in die Here. En onthou elke doker dieote lei na die groen weivelde. Amen

## Gebed

## Seengroet

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.